# EDITORIAL



We've hardly skipped a beat since 2011 and we find ourselves already two months into 2012. Why oh why does time seem to fly as we advance in years? Perhaps it's because we are all becoming more and more part of the technologically advanced generation. I truly believe that past generations experienced a much more relaxed existence when everything was slower, gentler and more gracious. We took the time to write a letter in manuscript; we sent thank-you cards in our own handwriting; we sent handwritten invitations to birthday and other parties … the list is endless. Today it's all about emails, SMSs and googling - a keyword when faced with a `challenge' … the current buzz word of note. All in all very impersonal. I can't remember who said 'nostalgia ain't what it used to be' but believe me I'm there …

Back to reality - we welcome our readers to the new year with a new look – after many many years of different designs for our masthead (mostly because readers wanted it so) we've decided the time has come to settle on a standard design and as a result the year 2012 heralds a new masthead that is here to stay. Hope you like it! Our cover design this year will present some unusual places to read – our message: anybody can read; anywhere; any time and anything! Our cover design will also incorporate the new branding of the Western Cape Government ensuring that we all do it *better together*!

With Table Mountain being declared one of the seven natural wonders of the world, we asked Dr Francois Verster to investigate its namesake, the 60-year-old publishing house, Tafelberg Publishers. A delightful story ensues on page 10 and in Verster's words ` … may this lively middle-aged trooper live long and fruitfully for the sake of our authors, our readers and our stories'.

We introduce a new series, *Best reads* that features the top five fiction and non-fiction reads from a variety of book shops. We've invited several bookshops to participate and trust that as time goes by more will contribute. Enjoy Kalahari.com, the Book Lounge and Protea Bookshop's bestsellers on page 8.

Also a new kid on the block this year is a series, *The Workroom* on page 38, aimed at the younger generation of librarians and library assistants whose goal is the effective running of a library.

Copyright is a well-debated and sometimes touchy topic and in part two of the series on copyright on page 12 Denise Nicolson addresses issues around the deaf and their copy 'rights'.

This and much more in our first issue of the year. Enjoy!

Dis skaars 'n asemskep sedert 2011 en hier is ons reeds amper twee maande in die volle swang van 2012. Ai, hoekom voel dit asof die tyd net eenvoudig verbyvlieg hoe ouer 'n mens raak? Dalk is dit omdat ons al hoe meer deel word van die gevorderde tegnologiese geslag. Ek is oortuig daarvan dat die ouer garde 'n veel meer ontspanne leefstyl van grasie, kalmte en rustigheid beleef het. Ons het tyd gemaak om briewe met die hand te skryf, om handgeskrewe uitnodigings na verjaardag- en ander partytjies te pos en, in ons eie handskrif, dankiebriefies te stuur … die lys is eindeloos. Deesdae gaan alles oor e-posse, SMS'e en `googling' – 'n sleutelwoord as dit kom by die 'uitdagings' (die nuwe gonswoord tans op almal se lippe ) wat ons in die gesig staar. In die geheel gesien, vreeslik onpersoonlik – ek kan nie meer onthou wie gesê het dat 'nostalgie nie meer is wat dit was nie', maar glo my, ek is daar …

Terug na die werklikheid – soos altyd aan die begin van 'n jaar groet ons lesers met 'n nuwe voorkoms. Na vele jare van verskillende gewelname (meestal op versoek van ons lesers) het ons besluit dat die tyd aangebreek het vir 'n eenvormige ontwerp. Die gevolg is dus dat die jaar 2012 ons nuwe voorkoms inwy wat hier is om te bly. Ons hoop u hou daarvan! Vanjaar se voorbladontwerp bied aan lesers ongewone plekke om te lees en ons boodskap: enigiemand kan lees; op enige plek; enige tyd; en enige iets! Ons voorblad sal ook die nuwe logo van die Wes-Kaapse Regering insluit - so doen ons dit almal *beter tesame!*

Synde Tafelberg onlangs as een van die sewe natuurlike wonders van die wêreld aangewys is, het ons Dr Francois Verster genader om 'n bietjie navorsing oor Die Berg se 60-jarige naamgenoot, Tafelberg Uitgewers, te doen. 'n Lieflike verhaal op bladsy 10 is die gevolg en in Verster se woorde` … mag hierdie ou groot middeljarige gees ons nog vir baie lank bybly vir die welvaart van ons skrywers, ons lesers en ons stories'.

Ons bied ook 'n splinternuwe reeks, *Topverkope*, aan waarin die top vyf fiksie en nie-fiksie boeke deur verskillende boekwinkels aangewys word. Ons het uitnodigings vir deelname aan die reeks aan talle boekwinkels gestuur en vertrou dat al hoe meer sal deelneem soos die reeks vorder. Geniet solank Kalahari.com, Protea Boekwinkel en The Book Lounge se bydraes op bladsy 8.

Nog 'n nuutjie is *Die Werkkamer* op bladsy 38 , 'n reeks gerig op die jonger geslag bibliotekarisse en biblioteekassistente wie se taak dit is om 'n effektiewe diens aan biblioteekgebruikers te bied.

Kopiereg, 'n netelige onderwerp wat gereeld deel van debatsgesprekke is, is die onderwerp van deel twee van Denise Nicolson se artikelreeks op bladsy 12 - in hierdie geval oor die kwessies rondom dowes en hul kopie-'regte'.

Hierdie en vele meer in ons eerste uitgawe van die jaar. Lekker lees!

*Grizéll*


*Editor* • *Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Sub-Editor* • *Subredakteur*
Ethney Waters
Tel: (021) 483-2234

*Layout* • *Bladuitleg*
Olivia Forshaw

*Photography* • *Fotografie*
David Webber

*Administration and Advertising* • *Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site* • *Webtuiste*
www.westerncape.gov.za

*Online public access catalogue*
http://wc.slims.gov.za/desktop/desktop.phtml

*E-mail* • *E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
gazarlux@pgwc,gov.za
grizell@iafrica.com

*Address* • *Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in* • *Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing* •*Reproduksie en Drukwerk*
Shumani Mills Digital

*Cover design* • *Omslagontwerp*
Olivia Forshaw



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790


***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.